Wa-kes, Malmesbury, 10 Aug. '38

# Wat die Voortrekkers vir ons beteken.

191. T. 5 (15)

I **Inleiding**: Entoesiasme vir ossewa-tog. Waarom? – 'n Simbool: herinnering aan lyding; laagtepunt van Trek. Egter ook herinnering aan dade van diens en oorwinning. Kortom: eenv. Voortrekkerwaentjie se herinnering. Afrikanersamewerking verblydend. Re betekenis van Voortrekkers.

II **Hulle Helpmekaar-Gees**: Voortrekkers mag hul foute gehad het, maar veral één ding: Helpmekaar-gees. Dis geheim van sukses van hul verbasende werk. Helpmekaar-gees in uur van nood: Vegkop-laer, Bloedrivier-slag.

Het wel ook hul verskille gehad, maar in uur van krisis skouer aan skouer. Vgl. Trigardt en Van R.; Potg., Uys en Retief.

H/d gees het ons vandag meer

nodig. Waarin is 'n volk groot? Ons moet ons inspan nie slegs vir stoflike dinge nie. Laat iedereen vir homself toesien.

III <u>Hulle Gesinslewe</u>: Ander bel. kenmerk: hegtheid van gesinsband. Bengtl van ou reisigers – patr. inrigting. Voortrekkers neem gees saam. Huisgesin sos. eenheid – plek in Trekkerorganisasie.

Naas Bybel is huisgesin Voortrekker se kosbaarste besit. Selfs onafskeidbaar van mekaar.

Plek van huisgesin in onderwys. Bybel die leesboek. Resumé oor huisgesin – een van mooiste kenmerke.

Maar Trek het sy gevare en beproewings en dikwels moet lede van 'n huisgesin 'n dierbare afgee. Dan Trekker se grootste, diepste droefheid.

Trig. se dogtertjie, 29 Aug. 1837; Martha Elisabeth Trigardt (sy vrou).

Dit toon ons gees en betekenis van Voortrekkerhuisgesin. Faktore wat huisgesin ondermyn. Betekenis van 'n gesonde gesinslewe; groot gebrek by kommunisme.

IV <u>Hulle Nasiebewussyn</u>: Laaste punt. Vir ons vandag 'n kardinale punt. Ook hier is weg v. Voortrekkers duidelik. Gevare wat ons volk bedreig; mening van pessimiste. Egter ook vername kragte aan ons kant, veral nasiebewussyn. Rol hiervan by 'n volk, en by ons.

Vorming v. Afr. volk. Waar? en Wanneer? Voortrekkers egte verteenwoordigers. Geheg aan S.-Afr., maar nie aan een bepaalde deel nie. As toestande onder onsimpatieke

weg. ondraaglik word, besluit hulle om te trek.

Aanknoping met Retief se Manifes – taal van opregte, beskeie Afrikaner. Dan trek hulle. Hul aktiwiteite: nat.-beleid, best. reëlings, onderhandelings re onafh. Kragtige bewyse hierdie.

Hul offers op altaar van nasieskap: ~~Twyg. van kant R. se trek: Piet Retief en sy manne; verspreide Voortrekkers, 17 Feb. 1838.~~ Treffende uitings: Mev. Erasmus Smit en Sarel Cilliers. Skone, klinkende bewyse. Luid roep hulle ons toe: wees Afrikaners, wees eg.

Maar is ons dit? Indien wel, in hoeverre? Ons magtige nabuur. Tog staan ons volk nog daar. Bloei. Skynbaar volg ons Voortrekkersweg. Egter ook verontrustende tekens.

Oog skone gloed van optimisme
val skaduwee van pessimisme.

V <u>Slot</u>: Ons sien weë van Voortrekkers
wat ons nog vandag moet volg.
Daarin lê hul groot betekenis
vir ons. Bewering van kwaadwillige:
Egter prinsipiële dinge. Ons
filosowe na Grieke; ons regsgeleerdes
na ou Ned. regsgeleerdes van 17de eeu.
Waarom ons nie na Voortrekkers nie?
Resumé oor drie punte. Dit
alles tesame is vir my pad van
Suid-Afrika — hulle volg daardie
pad. Mag dit vir ons 'n simbool
wees nie slegs van Voortrekkers
nie, maar ook van onsself.
Leuse van Voortrekkerbeweging.

Manifes van Retief.
(Nasiebewussyn).

„Ons wanhoop daaraan om die Kolonie te red van die euwels wat dit bedreig deur die oproerige en oneerlike gedrag van rowers en rondlopers, wat toegelaat word om die land in alle dele te verontrus; en ons sien geen vooruitsig op vrede en geluk vir ons kinders in 'n land wat op dié manier geteistel word deur inwendige beroeringe nie."

Malmesbury Wa-fees, 10 Aug. 1938.

# Die Kulturele Betekenis van die Voortrekkers.

---

I. Inleiding: In ons land was daar in die laaste jare geen gebeurtenis, geen onderneming, wat die nasionale belangstelling so opgewek het, die volksverbeelding so gepak het, soos hierdie ossewa-tog deur ons land nie. Waarom is dit? Is dit omdat daar eenvoudig twee ou lydsame ossewaens deur ons land trek? Nee, dit is nie belangstelling, dit is nie entoesiasme, vir die waens en osse as sodanig nie. Daar loop immers nog baie ander ossewaens in ons land en sommige van hulle is ook baie oud, en geen mens steur hom daaraan nie.

Maar dit is omdat hierdie wa vir iets staan; dit is omdat dit 'n simbool van iets is. Dit is omdat dit iets skoons, ja iets groots, uit die verlede van ons volk voorstel. Dit is omdat dit ons kragtig herinner aan die lyding en smart van 'n jong volk, wat met die bloed van sy vaders en sy moeders en selfs van sy jong kindertjies, betaal het om te wees wat hy is, en te bly wat hy is, I die selfstandige volk van ons geliefde, sonnige Suid-Afrika.

F ~~XXX~~ Maar, Gode sy dank, dis nie slegs 'n herinnering aan lyding

Toestand van Trek 100 jaar gelede – baanbrekerswerk.

en smart nie, nie slegs 'n herinnering aan treurende vaders, aan weenende kindertjies en aan sterwende moeders nie; dis ook 'n herinnering, en 'n sieltreffende herinnering, aan onvergeetlike, onverganklike heldedade, dade van durf en dade van oorwinning wat 'n volk groot maak. Kortom, hierdie eenvoudige ou Voortrekkerwaentjie spreek tot ons van die donker nag van volkslyding, maar dit spreek ook tot ons van die skone daeraad van nasiewording en nasiebou.

Hierdie ~~[illegible]~~ wa-feeste is ons eie, ons egte Afrikaanse feeste, en daarom is dit so verblydend om te sien dat Afrikaners hulle tydelike verskilletjies vergeet het om soos een man aan hierdie uitnemende kultuursaak heelhartig saam te werk. Dit wys dat daar nog iets gesonds in die kern van ons volk is, en dat die Voortrekkers vir ons 'n diepe, gemeenskaplike kulturele betekenis het.

Wat is nou hierdie betekenis? Dit is die eintlike vraag wat ons vanaand by hierdie heuglike geleentheid moet probeer beantwoord. M.i. lê die diepere, kulturele betekenis van die Voortrekkers daarin dat hulle egte, onvervalste Afrikaners was, en dat hulle nie geskroom het om onomwonde as sodanig op te tree nie. Aldus het hulle vir ons duidelike weë aangewys waarop ons vandag sonder aarseling tot die bewustheid

van ons volk kan voortgaan. Dit betaam ons volk in hierdie tyd opnuut ernstig op daardie weë te let, en dit met beslistheid te bewandel. Laat ons hierdie weë aan die hand van 'n paar punte nagaan, punte wat vandag nog van die allergrootste belang vir ons volk is. [Bv. hiervan Helfmeker-gees, sien

II **Ons Verhouding tot die Naturelle:** agter-

oorspronklik drie vername naturelle-rasse. Kaffers verreweg die talrykste en sterkste. Die opgaande verskille tussen witman en naturel. Gevolglik probleme en botsings. Ook vandag nog 'n probleem. Kolossale betekenis van die naturelle-vraagstuk vir ons volkslewe.

Voortrekkers goed bekend met nat.-vraagstuk. Sien gevolge van weifelende pol. Hulle gaan op trek en daar sou hulle hul eie beleid ontwerp en toepas. Bewering van swaardgesindes in verband met hul politiek. Art. 6 v. Retief se manifes. — kenmerks reeds 2 vername kenmerke.

Wat omtrent praktyk? Louis Trig., Potgieter, Retief. Vyande wys op slae van Mosega en Bloedrivier. Pretorius. Boodskap van Panda 12 jaar later aan Autelisie. Antw. van Pretorius. Pretorius toon ook ander belangrike beginsel, nl. territoriale segregasie. Voordele van segregasie.

Dis alles nog steeds die Afr.-opvatting, maar dit word vandag ernstig bedreig. Kreet van gelyke regte. Kreet van

rassevermenging. Dis beleid wat al soveel ellende veroorsaak het. Gevaar as naturel plotseling van sy eie losgemaak word.
Dus behou Voortrekkerbeleid; ons trustieskap. Dan sal naturel ons ook respekteer. Ook segregasie want gelykstelling en saamwoning bring rassevermenging etc.

(III) Ons Nasieskap: 'n Gevaar wat ons volk bedreig — so ook baie ander. Menig van pessimiste. Egter ook vername kragte aan ons kant — hieronder veral ons nasiebewussyn. 'n Volk met nasie bewussyn is 'n volk met selfrespek. So lank volk van S.-Afrika dit het, só lank sal hy voortbestáán.

word IV

Vorming van die Afr. volk. — Waar? en Wanneer? Voortrekkers ongetwyfeld egte onvervalste verteenwoordigers. Verskil tussen hulle en Eng. kolonistes. Hulle is geheg aan S.-Afr. maar nie aan een bepaalde deel daarvan nie. As hulle deur onsimpatieke reg. aan 'n gedurige plundering blootgestel word, besluit hulle om te trek.
Aansluiting met Retief se manifes — dis taal van opregte Afrikaner. Dan trek hulle — hul aktiwiteite: nat.- beleid; bestuurlike reelings; onderhandelings met Eng. reg. oor onafh. — Alles kragtige bewyse van nasie-bewussyn.
Hul offers: Trig. en Van R. se trekke. Piet Retief en sy manne; verspreide Voortrekkers, 17 Feb. 1838.
Treffende uitings: Mev. Erasmus

Smit en Sarel Cilliers. Skone, egte nasiebewussyn — hulle voeg ons baie lot: wees Afrikaners, wees eg.

Maar is ons dit? Indien wel, in hoeverre? Ons magtige naburr. Maar tog staan ons volk nog daar. Selfs 'n bloeityd. Dit wil voorkom of ons nog die weg van die Voortrekkers volg. Egter ook verontrustende tekens. Oor die skone gloed van optimisme val skadu van pessimisme.

(IV) Woorde van ~~Die~~ Stem.

word III

Ons Gesinslewe: Belangrike faktor in die volkslewe. Berigte van vestiging en reisigers. Min of meer patriargale inrigting. Dis die gees van die boere v. Kaapse binnel. — dis gees wat Voortrekkers saam neem. Huisgesin onder Voortrekkers dus hegte sosiale eenheid.

Naas Bybel is huisgesin die Voortrekker se kosbaarste besit. Selfs onafskeidbaar. Dis Bybel wat 'n hegte band vir huisgesin gevorm het. Ons verbaas ons dat daar so min analfabete onder Voortrekkers voorgekom het. Rol van huisgesin hierin. Rondreisende onderwysers. Bybel leesboek. Kortom iedere huisgesin 'n hegte sos. eenheid, 'n gem. van die Here en 'n skool vir die kinders. Een van mooiste kenmerke van die Voortrekkers dat hulle as dierbares in huisgesin saamgesnoer was.

Maar Trek bring baie en groot gevare mee — som mee en dikwels kom dit voor dat—

lede van huisgesin 'n dierbare uit hul midde moet afgee. Dan het die Voortrekker sy grootste en diepste droefheid ondervind. Louis Trig. (29 Aug. 1837), sy vrou; Christina Pretorius.

Dit alles gee ons die gees van die Voortrekkerhuisgesin. Faktore wat hegtheid en eenheid van huisgesin ondermyn. Egte Voortrekkergesin word dikwels as ouderwets beskou. Betekenis van 'n gesonde gesinslewe: groot gebrek by kommunisme.

V <u>Slot</u>: Weë van Voortrekkers in verband met genoemde drie punte; ons sien dis weë wat ons vandag nog steeds moet volg. Daarin lê die groot betekenis van Voortrekkers vir ons. Bewaring van kwaadwilligheid. Egte prinsipiële dinge. Ons filosowe na Grieke; ons regsgeleerdes na ou Ned. regsgeleerdes van 17de eeu. Waarom ons nie na Voortrekkers nie? Resumé oor drie punte. Leuse van Voortrekkerbeweging.

---

Hulle

a.

II Hulle Helpmekaar-gees: Eenkeer 'n spreker die vraag voor stel: wanneer is 'n volk groot? — Treffend was sy antwoord: 'n volk is groot — in die mate waarin die lede van ~~sy~~ die volk tot diens bereid is. As die lede van 'n volk nie tot die diens van die volk bereid is nie; as hulle nie bereid is om mekaar by ~~te~~ te staan en deur dik en dun te help nie, dan kan sy volk nooit groot wees nie. Kyk maar na die geskiedenis van al die volke van die wêreld en u sal vind dat die volke hulle grootste prestasies gelewer het toe ~~hulle te~~ die lede van die volke die meeste met 'n helpmekaar-gees besiel was; toe ~~hulle~~ bereid was om hulle in te span en op te offer en te dien, tot welle van die volk.

Die Voortrekkers ~~mag~~ hulle foute ook gehad het, maar as daar een ding is wat hulle in 'n baie groot mate besit het — en as daar een les is wat hulle die nageslag kan leer, dan is dit hulle helpmekaar-gees. Dit is die geheim van ~~hulle sukses gewees~~ die sukses van hulle grootse werk ~~gewees~~ gewees. 'n Paar duisend Afrikaner-boere het binne 10 jaar van die Gr. Tr. tyd die hele binneland geopen en vir die blanke beskawing gewen. Ons begryp dit nie; ons staan in verbasing stil: Hoe is dit moontlik gewees? — vra ons ons af. Die eenvoudigste verklaring is nie, omdat hulle

van hul gemeenskaplike
ideale bewus was en omdat
hulle in die uur van die
nood bereid was om mekaar
by te staan en te dien. Dit
is in die uur van die nood
dat hulle sy aan sy
gestaan het en dat hulle
helpmekaargees hulle groot
oorwinnings besorg het en
tot skitterende ~~[illegible]~~ hoogtes
opgevoer het. Kyk maar 'n
bietjie na die Vegkop laer:
50 ossewaens in 'n sirkel getrek
en ~~daarbinne slegs 40 weerbare~~
~~ma~~ agter die brose wa-mure
slegs 40 weerbare mans. Maar
hulle staan skouer aan skouer,
en die woedende Matabele-mag,
duisende sterk, slaan hulle
terug. Dieselfde is die geval
in die historiese Bloedrivier-slag,
seker die grootste oorwinning
van die beskawing oor die
barbarendom in S.-Afr.

Hiermee wil ek nie sê dat
die Voortrekkers nooit verskille
~~van mening~~ gehad het nie.
Inteendeel, dis bekend genoeg
dat daar dikwels verskille
van mening voorgekom het.
Maar wat ek wel wil sê is
dat hulle in die uur van
die krisis, in die uur wanneer
hulle werklik op die proef
gestel is, mekaar getrou
bygestaan het tot die bittere
end toe.

Vgl. Trig. + Van Rensburg. Ook
Potgieter, Uys en Retief. Veral die
laaste waar Piet Uys en sy
seun Dirkie hulle lewe gegee het

om hulle mede-Tukkers te help te kom.

Dit is hierdie gees van diens, of die helpmekaar-gees, wat die bemind van ons volk wat ons meer nodig het. Ons span ons in, ons werk hard, maar waarvoor? Is dit nie meer vir ons eie persoonlike belange nie, veral vir ~~ons~~ stoflike voordele nie? Iedereen kan die vraag vir homself beantwoord.

---